Pretoria

Johan Brand SC

NEW SILKS

Senior status was conferred upon the following colleagues during 2014:

Cornelius Rudolph Jansen

Rudolph was born on New Year's Day 1964. After matriculating in 1981, he studied at the University of Pretoria, where he obtained as BLC degree (1984), LLB (1986) and LLM (1989). He also attended a course in Advanced Human Rights at the University of Lund, Sweden, during 1995. Rudolph was admitted to the bar in 1990 and he practised fulltime until 2002. From then up to 2007 he was the fulltime director of Lawyers for Human Rights, after which he resumed his fulltime practice at the Pretoria Bar once again. His practice consists of human rights work and public interest law.

Coenraad Frederik Johannes Brand

Johan is gebore op 17 Julie 1951 en het in 1968 gematrikuleer aan die Hoërskool DF Malan, Johannesburg. In 1971 sluit hy aan by die Departement van Justisie waar hy by verskeie kantore diens gedoen het as klerk, aanklaer, landdros en lektor. Soos hy self sê: 'Ek is so baie kere verplaas dat ek dom kinders, stukkende meubels en beige gordyne besit.' Hy het die grade B Iuris en LLB behaal aan Unisa en daarbenewens ook 'n Dip Legum. In Februarie 1988 het hy lid geword van die Pretoria Balie en praktiseer Johan sedertdien voltyds alhier. Hy beskryf sy praktyk as 'n gemengde kommersiële praktyk. Hy is al bykans 40 jaar getroud met sy vrou Annetjie. Hulle het drie kinders, waarvan sy dogter Tanya, 'n praktiserende prokureur is.

Stephan Güldenpfennig

Stef is gebore op 19 Januarie 1958 en het in 1975 gematrikuleer aan die Prinshof Hoërskool te Pretoria. Stef het die grade B Iuris en LLB behaal, waarna hy aangesluit het by die Dept. Van Justisie. Hy het as staatsaanklaer by verskeie landdroskantore gedien tot en met 1980, waarna hy aangesluit het as regsadviseur by Santam Versekeringsmaatskappy. Stef het sy klerkskap by 'n welbekende prokureursfirma gedoen en is in 1985 toegelaat as prokureur van hierdie Hof. Na sy toelating het hy aangesluit by die Dept. van Konstitusionele Ontwikkeling en Beplanning as 'n regsadviseur. Gedurende 1987 het hy teruggekeer na die praktyk en as professionele assistent gepraktiseer by Gildenhuys en Van der Merwe tot en met Junie 1989 toe hy aangesluit het by die Pretoria Balie. Stef praktiseer as advokaat sedertdien as lid van die Pretoria Vereniging van Advokate.

Theunis Adolphus Lodewikus Lourens Potgieter

TALL (raai waar kom dié naam vandaan) is op 25 September 1950 gebore. Na matriek behaal hy die grade B Civilis Iuris (UVS) en LLB (Unisa). TALL het deur die range van die Departement van Justisie gekom en as aanklaer, landdros en werkstudiebeampte by verskeie kantore diens gedoen voordat hy in 1987 aangesluit het by die Pretoria Balie. Sy praktyk bestaan hoofsaaklik uit kontrakte en deliktereg. Hy is getroud en het twee kinders, waarvan een (Jurgen), soos sy pa, praktiseer as advokaat by die Pretoria Balie.

Hendrik Frederik Jacobs

Hendrik is op 20 Augustus 1963 gebore. Hy het die grade BComm LLB behaal. Hendrik het na sy studies gekwalifiseer as prokureur en is as sulks toegelaat. Hy het gepraktiseer as prokureur tot en met 1991, waarna hy aangesluit het by die Pretoria Balie. Sedertdien praktiseer hy voltyds alhier en bestaan sy praktyk hoofsaaklik uit kommersiële werk, onteiening en arbitrasies.

Shimane Solomon Maakane

Solomon was born on 28 August 1959 in Brits. After matriculating he completed his BIuris degree at the University of Bophutatswana, after which he served as a prosecutor in various courts. He obtained his LLB degree at the University of Johannesburg during 1991 and then he served and completed his period of articles as a candidate attorney. Solomon joined the Pretoria Bar during 1995 and has been practising as an advocate since then. During 2002 he completed his LLM degree at Unisa, specialising in criminal and procedural law. His practice is mixed and diverse, but consists mainly of criminal and related matters. Solomon is married and his hobbies are sport, outdoor life and touring.

Julian Du Plessis

Julian is gebore op 11 November 1956, hy is getroud en het vier kinders. In 1974 matrikuleer hy aan die Worcester Hoërskool en studeer aan die universiteit van Stellenbosch gedurende die tydperk 1976 tot 1984, waartydens die grade B Iuris, LLB en Dip Legum behaal. Soos menige advokate, was hy eers 'n aanklaer in diens van die Dept. Van Justisie en ook landdros. Gedurende 1990 tot 1994 was hy 'n lektor by die destydse Justisie Kollege. In 1995 is Julian toegelaat as advokaat en gedurende 1996 het hy aangesluit by die Pretoria Balie waar hy tans

nog steeds as advokaat praktiseer. Sy praktyk is noodsaaklik delikte, myn- en mineraalregte, omgewingsreg en administratiefreg. Sy belangstelling is eweneens divers en is hy die President van die Noord-Gauteng se Junior Skaak Vereniging gewees en tans nog 'n lid van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Loodse.

Marthinus Petrus van der Merwe

MP is gebore op 5 Februarie 1969 en het gematrikuleer aan die Hoërskool Standerton in 1987. Hy het die grade B.Prok. en LLB aan Unisa behaal en was ook 'n regtersklerk vir Regters Harms en Eloff gedurende 1991 tot 1994. Gedurende 1994 het hy sy klerkskap begin by die Staatsprokureur en is as prokureur toegelaat in 1996. Hy is as professionele assistent aangewend in die Staatsprokureur se kantoor te Pretoria. In 1997 het MP aangesluit by die Pretoria Balie en praktiseer hy sedertdien voltyds in Pretoria. Hy spesialiseer in insolvensiereg. Sy naweke spandeer hy op sy plaas by Villiers waar hy met Bonsmara Beeste sy tyd verwyl. Hy is getroud en het twee kinders.

Tintswalo Annah Nana Makhubele

Nana, as she is known, was born on 2 April 1964. She obtained her LLB degree in 1989 at the University of Witwatersrand, after obtaining a BA degree in Social work during 1984 at the University of the North. She was employed as Assistant Master of the High Court, Pretoria, during the period 1997 to 1999, after serving as a public prosecutor for the period 1992 to 1997. She was admitted as an advocate and joined the Pretoria Bar during 1999. Her practice consists of administrative and constitutional law as well as contractual, delictual, environmental, labour and tax law.

Barend Christoffel Stoop

After matriculating in 1974, Ben completed the degrees BA (1978), LLB (1980), BA (Hons) (1983) and MA (1987) at the University of Pretoria. He thereafter obtained a doctorate in law at the University of South Africa in 1994. He joined Unisa as a lecturer in 1983 and was promoted to Professor of Law in 1996. He is the author of a number of scholarly publications that appeared in national and international legal journals and is the co-author together with Proff. Thomas and Van der Merwe of the textbook entitled *Historical Foundations of South African Private Law*. Ben was admitted as an advocate of the High Court during 1980 and he joined the Pretoria Society of Advocates on 2 April 1998. His practice focuses on the law of contract, corporate law and public law. Ben is married to Leonie and they have two daughters. He is a member of the Christian Lawyers Association and participates in the activities of the Legal Aid Clinic of the Tshwane Leadership Foundation.

Frans Albertus Ras

Frans is gebore op 8 Mei 1960 en het in 1977 gematrikuleer aan die Hoër Volksskool, Potchefstroom. Nadat hy vir 'n tydperk gewerk het vir die maatskappy AECI, het hy begin studeer aan die Universiteit van Potchefstroom, waar hy uiteindelik die grade B Iuris en LLB behaal het. Gedurende sy studies was hy die beherende lid van die Studenteraad van die universiteit vir twee jaar en ook voorsitter daarvan. In 1988 het hy aangesluit by die Dept. van Justisie en het hy diens gedoen as staatsaanklaer te Carletonville. Frans is toegelaat as advokaat gedurende 1988 en het hy ook dieselfde jaar lid geword van die Pretoria Vereniging van Advokate. Hy praktiseer sedertdien voltyds te Pretoria en bestaan sy praktyk hoofsaaklik uit siviele litigasie.

Cornelius Louw

Cornelius was born on 16 November 1968 and is married with two children. He obtained the degrees BComm (Law), LLB, BComm (Hons) and MComm Tax during the period 1989 to 1997. Cornelius was admitted as an advocate on 24 May 1994 and joined the Pretoria Society of Advocates the following year. He has been a member of this institution since then. Cornelius specialises in tax law. Apart from a busy practice he still finds time to lecture Master's degree students in tax law at the University of Pretoria on a part-time basis.

David Themba Skosana

David was born on 16 January 1966 and is married with three children. He obtained the degrees BA in 1992 and LLB in 1995. He was admitted as an advocate on the 5th of March 1996 and became a member of the Pretoria Society of Advocates on the 7th of March the same year. David specialises in administrative and labour law as well as contract law.

Francois Weideman Botes

Francois is gebore op 24 September 1966. Hy is getroud. Francois het in 1984 gematrikuleer aan die Hoërskool Genl. Hertzog, Witbank, waarna hy die graad BLC in 1994 aan die Universiteit van Pretoria verwerf het en die daaropvolgende jaar die graad LLB aan dieselfde universiteit. Francois is toegelaat as advokaat op 20 Mei 1997 en het dieselfde jaar 'n lid van die Pretoria Vereniging van Advokate geword waar hy sedertdien voltyds praktiseer. Hy spesialiseer in algemene siviele litigasie, meer in die besonder insolvensie- en maatskappyreg, asook gesinsreg. Hy is 'n lid van die Silver Lakes Country Club en Sanlameer Country Club en ook 'n aktiewe lid van die Velo Cycling Club in Pretoria. A